

HENDRIK KOM TOT HEILBRON SE REDDING

Die Vullistrok wat Ngwathe Munisipaliteit huur moet glad nie op die pad wees nie. Bande is glad, gesny, verweer en totaal onpadwaardig. Die trok staan sedert die naweek by die drywer se huis met drie stukkende bande. 'n Oproep na mnr. Francis Moketsi, eenheidshoof van Ngwathe Munisipaliteit, het nie vrugte afgewerp nie en sy verskoning was dat Trentyre nie aan die trok wou werk nie omrede Ngwathe nie die nodige permitte het nie. In 'n poging om net die diens weer aan die gang te kry het Hendrik Reynolds, van CJ Veldienste, Dinsdagaand net voor agt uur, drie bande herstel om die trok weer op die pad te kry. Die verhuurder van die trok, me. Morumo wat in die Vaaldriehoek woon, het onderneem om twee nuwe bande op te sit. Die Herald het haar geskakel en sy het weer onderneem om dit te doen en die geld oor te plaas. Hendrik sê dat hy nie die nuwe bande kan opsit voordat die geld nie in sy rekening is nie. Swak betalings voorheen van die munisipaliteit noop hom om eers te wag vir betaling. Die trok het wel vanaf Woensdag sekere dele in die dorp se vullis verwyder, maar Vegkop-uitbreiding se vullis is twee weke laas verwyder. Maandag is 'n vakansiedag wat dit dan op drie weke te staan gaan bring. Minute na die oproep van die Herald af na me. Morumo, het Hendrik die boodskap met die betalingsbewys op sy foon gekry en sal die nuwe bande vandag nog opgesit word.



SIFTINGSTOETSE GEDOEN

Die Departement van Gesondheid het met behulp van die AfriForum-tak in Heilbron op 18 April 2020 siftingstoetse gedoen op ongeveer 269 mense deur 'n vraelys te voltooi en hul temperatuur te meet. Slegs een persoon was verwys na die hospitaal vir verdere toetse. Oor die tydperk van 3 dae was ongeveer 1500 mense bereik vir hierdie toetse. Hiermee wil die Heilbron Kliniek dank uitspreek tenoor die goeie, gewillige en samewerkendes van die gemeenskap tydens die sifting vir die COVID-19 Saterdag. Dankie Heilbron Herald wat gehelp het met die fotostate van die vraelys en die berig vir bewusmaking van die siftingstoets. Baie dankie ook aan Danie Knoetze en sy span met die hulp in die dorp. Vanaf 22 April 2020 het die gemeenskapswerkers, Heilbron Kliniek behulpsaam met siftingstoetse by die kliniek en die dorpsgemeenskap. Samewerking om die proses 'n sukses te maak sal waardeur word. Wees veilig, bly tuis, was hande gereeld en gebruik maskers wanneer jy die huis verlaat. **Daar word weer siftingstoetse gedoen op Saterdag, 25 April by Heilbron Kliniek van 09:00 tot 12:00**

VAR S PRODUKTE DAAGLIKS
 Star Tuisgebakte brood en broodrolletjies
 Albany Brood | Melk | Yoghurt
 Beskuit | Vleispasteitjies | Koek en Melkert
 Eiers | Plaashoender en porsies

specials

- Kampvuur-wors 64.90
- Stetson Bees Patties 64.90
- A-graad Beesstowe 59.90
- C-graad Beesstowe 54.90
- C-graad Beesstert 59.90
- T/R Steak A-Graad 79.90
- Lamribbetjie en -stowe 89.90
- Skaapribbetjie en -stowe 59.90
- Varkboud en -blad 49.90
- Varkskenkels 29.90
- Eiers groot 30's 55.00
(Erasmus en Oorsprong Oos)

Geelvet-biltong en droëwors @ R200

Tel: 058 852 1140

Skaap-
en beeslewer
Ongekrapte skaapafval
Skoongekrapte
skaapafval

